DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Redaksioneel

JY IS 'N WONDER

Ek het die afgelope week'n kind gesien, 'n swart kind. Een tussen al die ander wat net soos hy was. Gestremd, sy bene en arms kon hy nie gebruik nie. Hy het daar gelê, tussen al die ander. Die ander was bietjie beter af. Hulle kon darem sit in stootwaentjies, al is hulle 14 of 15 of miskien 18 jaar oud. Die versorgers doen hulle bes, nie almal nie maar darem so die helfte van hulle. Hulle gee die kinders ontbyt, was hulle en versorg hulle in die basies behoeftes. Dit het nogtans gestink daar. Ek het sy vergroeide hand gevat, daar was geen reaksie nie. Die ander kinders het darem geglimlag as jy vir hulle kyk. Hy het net gekyk.

Dit skryf ek nie om julle af te skrik nie. Ook nie dat almal nou na die inrigting toe moet gaan en al die kinders moet besoek nie. Dit het deur my werk op my pad gekom, maar vir die wat so iets nooit sal sien nie, wil ek graag deel wat ek besef het.

Ek het besef dat dit 'n wonder is om 'n gesonde liggaam en verstand te hê. Deur genade mag ons springlewendige liggame hê, die een het 'n probleem hier, die ander daar. Maar ons kan funksioneer en die Here dien met dit wat hy vir ons gegee het. Ons kan ook geniet van alles om ons. Dit is nie vanselfsprekend om gesond te wees nie.

Laat ons bly wees en die Here loof, omdat Hy ons soveel gee om van te geniet. Maar laat ons ook bid vir die koms van die Here Jesus op die wolke; sodat alle onvolmaaktheid tot 'n einde kan kom. Waar almal saam die Here sal aanbid, die nuwe aarde sal ontdek, waar ons sal leer van alles wat nou so onbegryplik is.
"*Sy Naam is vreeslik hoog verhewe*."

Geniet hierdie uitgawe van "Die Olielamp".
Namens die redaksie
Marieke

INHOUD

Uit die Woord	Die eenheid van die Kerk	Rinus Kamphuis	2
Oppad	Christen in 'n verbruiksamelewing	Martin de Wit	3
		verwerk deur Johan Bijker	
	Kerklike bydraes-'n groot voorreg!	Anneke de Jager	5
	Dissipline, wat hou dit in.	Johan Moes	6
	'n Broeder in nood	Peter Raimond	7
Voel jy ook so?	Laat die gees soos 'n vuur brand	Maaike Raimond	8
Rehobot	Deur die sleutelgat		10
Algemeen	Gauteng se denge		11
	Verjaarsdae		12
	Gedig	Annemarie de Vente	12

DIE EENHEID VAN DIE KERK

Rinus Kamphuis

Daar is vandag wêreldwyd baie kerklike onenigheid. Net in Suid-Afrika tref ons heelwat kerkgenootskappe en sektes aan wat almal in dieselfde God glo.
Ek het iemand ‘n keer hoor sê dat die Here baie droewig moet wees oor al die kerklike verdeeldheid in die wêreld. Die kerklike verdeeldheid is ‘n gevolg van die sonde en die werk van die satan wat probeer om Christus se werk tot niet te maak. In hierdie artikel word daar nie na die oorsake van kerklike verdeeldheid gekyk nie, maar hoe ons houding teenoor kerklike verdeeldheid moet wees.

Redaksies:

Pretoria:
Redaktrise: Marieke de Wit (marieke@global.co.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk
Penningmeester: Johan Moes
Lede: Rinus Kamphuis
Tineke de Vries
Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@getafix.ef.techpta.ac.za)
Penningmeester: Gerjan Hagg
Lede: Annemarie de Vente
Anneke de Jager

Kaapstad:
Artikelversorging: Erik van Alten
(luctor@mweb.co.za)
Finansies: Christine v/d Linden
Mirjam Raimond
Bladuitleg: Maartje Eefting

Johannesburg:
Redaktrise: Esther Kuyvenhoven
(secuplus@global.co.za)
Lede: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Marie-Louise Kuyvenhoven

Ons hoop om *Die Olielamp* 8 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://members.tripod.com/~dieolielamp/

Koste: R35 per jaar

As ons as Christene God lief het sal die eenheid van die kerk vir ons belangrik wees. Ons kan dan as Christene nie rustig bly onder kerklike verdeeldheid nie, want die enigste Herder roep sy skape tot een kudde. Johannes 10:16 stel dit duidelik; ***“Ek het ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.”***

Toe Christus vir ons aan die kruis die sonde oorwin het, het God die Vader Hom hoof gemaak van die hele kerk. Daar is een Hoof dus kan daar ook net een liggaam wees. Verdeeldheid hoort dus nie in die Christelike kerk tuis nie, want Christus is ook nie verdeeld nie.
Paulus roep die Christene in Efese op om die eenheid van die kerk te bewaar deur die band van vrede. Hierdie oproep geld vandag nog steeds vir ons in Suid-Afrika.
Ons kan dus as Christene ons nie berus in ‘n situasie van kerklike verdeeldheid nie. Ons word geroep om te streef na die egte samebinding in die eenheid van die geloof. Dit gaan hier nie om die behoud van ons kerk nie, maar om die behoud van Christus se kerk.
Volgens art. 28 van die NGB word ons elkeen verplig om ons by die ware kerk aan te sluit. Die kenmerke van die ware kerk word dan beskryf in art. 29 van die NGB.

As ons na kerklike eenheid streef moet ons nie krampagtig vashou aan dit wat ons bereik het nie, maar ons moet vashou aan die geloof in die Skrif wat aan ons gegee is. Ons eie verlede is nie belangrik nie, maar God se pad wat ons moet volg na die nuwe hemel en aarde. Daar is net een hemel, en daar gaan ook net een nuwe aarde wees waarop alle gelowiges eensgesind sal woon by hul enigste God en Heiland. As ons later saam aan dieselfde bruilofsmaal gaan sit, kan ons, ons nie nou daarin berus om aan verskillende nagmaalstafels te sit nie.

Tog het ons ook ‘n troos dat Christus die hoeksteen is van die kerk, Christus laat die kerk groei as ‘n aaneensluitende geheel, ‘n heilige huis, waarvan die bewoners eensgesind is, hoe verskillend hulle ook al mag wees van afkoms,

omdat hulle saamleef in die enigste Gees van God, wat in hulle is.

Vandag ken ons ook die situasie van gereformeerdes wat bymekaar behoort wat geloof aan betref, maar geskei leef agter verskillende kerkmure. As mense is ons nie by magte om die kerklike verdeeldheid op te los nie, maar wat vir mense onmoontlik lyk is vir God moontlik. God sal sy doel bereik van een kudde onder een Herder, hoe onmoontlik dit vir ons ook al lyk. Die Heilige Gees is magtig en Hy laat die evangelie verkondig in die hele wêreld en bring daardeur mense tot geloof in Jesus Christus.

Dit is die duiwel wat kerklike verdeeldheid saai. Die duiwel probeer die eenheid van die kerk stukkend maak deur dwaalleer en menslike heerssug. Die duiwel probeer ook die herstel van die eenheid teen te hou deur kleingeloof en gemaksug. Die duiwel wil die kerk sien ondergaan in ‘n eindelose versplintering, of in ‘n valse eenheid wat gegrond is op mense en nie op die waarheid van die evangelie nie.
Maar Christus, die Herder, waak oor sy skape. Hy roep sy skape wat die Vader aan Hom gegee het, agter Hom aan. Hy lei hulle deur sy Gees in alle waarheid. Hulle volg Hom as hulle enigste Herder en vind so mekaar as sy enigste kudde. Dit is nie ’n mooi ideaal of droom nie, maar ’n belofte wat sekerlik vervul sal word. Dit is die doel waarheen God oppad is.
God weet dat ons die eenheid van die kerk nie self behaal nie. Die eenheid van die kerk is die werk van die Heilige Gees. Ons kan wel bid en werk in die hoop dat ons in Suid-Afrika en ook in die res van die wêreld mag groei na kerklike eenheid. Daar mag net nooit van ons gesê kan word dat ons die eenheid van die kerk afgebreek of in die pad gestaan het deur ‘n ongeestelike houding nie. God het sy doel bekend gemaak as één kudde onder één Herder. God bereik dit deur ons, of desnoods sonder ons. Ons moet dus gehoorsaam die stem van die Herder bly volg sodat ons God se doel nie mis nie.

CHRISTENWEES IN 'N VERBRUIKERS-SAMELEWING

Sprekersaand: Martin de Wit, verwerk deur Johan Bijker

Sonder geld kan jy nie gelukkig wees nie. Jou besittings en die besteding van jou geld is uitermate belangrik. Almal werk hard om 'n inkomste te verdien; daarmee kan ons goedere koop, dit verbruik, en gelukkig word. Jou eie geluk staan tog immers sentraal? Verbruik is daarom die uiteindelike regverdiging van al ons moeites. Almal moet maksimum welvaart beleef, al moet die natuur soms ook uitgebuit word.

Bogenoemde is natuurlik nie waar nie, maar dit word wel so in die praktyk uitgeleef. Wat moet ons houding daarteenoor wees? Wat mag ons koop en wat nie? Waarvoor werk ons? Wat is beter: 'n hoër of laer inkome? Moet ons verbruik of spaar? Kortom: Hoe kan ons vandag gelukkig wees met ons besteding van inkome en tyd?

Om antwoorde op al dié vrae te kry, moet ons by die Bybel begin waar ons kan lees wat God van ons verwag om te doen.

Verbruik
Ons lees in Gen 1:28 en 2:15 van die mens se aanstelling as rentmeester van God op aarde: Ons moet oor die aarde heers, dit bewerk en bewaak. Daardeur moet ons God loof, terwyl ons self vir ons eie dade verantwoordelik bly. Ons moet as rentmeesters doen wat God wil, en nie wat die mense wil nie.

In Gen 1:29 staan: "*Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.*" Ons mag dus goedere op die aarde verbruik. Verbruik is daarom nie op sigself verkeerd nie. Dit kan ons o.a. in 1 Tim 4:4-5 lees: "*Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.*"

Juis vandag het ons, in vergelyking met die verlede, 'n oorvloed van keuses (as gevolg van verskillende smake, gewoontes, gelowe, ens.) in wat ons kan koop, en daarom het ons ook meer verantwoordelikheid met ons verbruiksgewoontes teenoor God en ons naaste. Ons verbruik moet aan die diens van God en ons naaste diensbaar

wees. Soos die afhouding van offervleis ter wille van 'n broeder (Rom 14:13-23), so moet ons liefde tot ons naaste swaarder weeg as bepaalde verbruiksgewoontes. Vrede en vreugde in die Heilige Gees is vir die koninkryk van God belangriker as eet en drink.

Tog lees ons herhaaldelik in die boek Prediker dat ons ook van die goeie mag geniet, vir sover ons God daarvoor met 'n goeie gewete kan dank.

Verder moet ons besef dat ons nie net mag verbruik en verder niks doen nie. Almal ken die teks uit 2 Thes 3:10: "*…as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.*" Die groot vraag is vir wie ons werk: vir onsself - om gemaklik en sonder sorge te kan lewe, of tot eer van God?

God en mammon
Ons kan nie God en mammon dien nie. Daarom kan ons ook nie in twee wêrelde lewe nie: Sondae in die kerk, maar op die ander dae kan ons maak wat ons wil. Ons moet alleen op God vertrou, al word ook al ons aardse besittings in gevaar gestel, en al daal die Rand ook elke dag.

Welvaart is 'n seëning, en nie 'n reg vir elkeen nie. Daarom kan die strewe na welvaart nie 'n allesoorheersende plek in ons lewe inneem nie.

In Mat 22:34-40 lees ons dat jy God moet liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself. As die liefde tot God en ons naaste nie uit ons bestedingspatrone blyk nie, het ons waarskynlik net onsself lief. Omgekeerd is ook waar: As die liefde tot God en ons naaste ons lewe en denke beheers, dan is ons geldbesteding geen probleem nie.

Tydsbesteding
Hoekom het ons altyd so min tyd oor om stil te kan wees met God?
Hierop moet ons eers vra: Wat is ons dryfvere in die lewe?

Word ons lewe gejaag deur besit en verbruik, allerhande pogings vir maksimum welvaart, of kry ons darem ook nog so af en toe tyd, buiten Sondae, jeug-vereniging of katkisasie, om met God en Sy Woord besig te wees?

Ook ontspanning kan misbruik word. Al is ontspanning ook hoe noodsaaklik, mag ons dit nie bo God stel nie. Dit kan ontaard in uitbuiting van tyd waar ek stil kan wees met God, aandag aan Sy pragtige natuur kan gee, en diepere en mooier dinge in die skepping kan ontdek.

Natuur
Saam met die digter van Psalm 8 kan ons God se grootheid in die natuur sien, en saam in verwondering sê: "*hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!*". As ons egter elke dag ons oë oopmaak, sien ons net hoe word die natuur afgebreek as gevolg van menslike gedrag. Ons dra ook daartoe by. Daarom is dit noodsaaklik om ook 'n keer krities na jou huidige verbruiksgewoontes te kyk. Wat doen ek slegs vir my eie plesier? Gebruik ek iets waarsonder ek kan klaarkom?

Ons moet egter ook daarteen waak dat die natuur nie ons begin beheer nie, soos bv. by die *Green Peace*-organisasie. Hulle beywer hulle vir 'n ongerepte wêreld, wat op sigself nie verkeerd is nie, maar hul beweegredes is verkeerd. Hulle probeer om sonder God die wêreld weer 'n paradys te maak - met 'n houding dat as God niks teen die afbreek van die skepping doen nie, dan moet die mens maar self inspring en die sake onder beheer kry.

Ons weet egter dat God ook die skepping eendag sal herstel. Dit beteken dat ons nie nou met die aarde mag mors nie, maar dit is in die gebroke wêreld van vandag 'n geweldige vertroosting, en laat ons vol verwagting na 'n heerlike toekoms kyk.

Samevattend
Ons moet die aarde beheer, bewerk en bewaar. Ons het dus 'n groot opdrag gekry, en daaraan moet ons nog baie doen. Maar in alles moet God 'n sentrale plek in ons lewe inneem, 1 Kor 10:31: "*Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.*"

Die grootsheid van die Evangelie laat dinge soos verbruikersdrang verdwyn. Al is die sorge van die hedendaagse lewe nog so groot, sal dit nie opweeg teen die heerlikheid van hierna nie.

Deur die sonde kan ons kan egter nie ons vertroue ten volle op God stel nie. Geldelike mag en besit is daarom 'n baie aanloklike alternatief. Satan sit nie stil nie en sal enigiets probeer om ons van God af te trek. Laat ons daarom hiervoor waak, en God ook in ons verbruik loof!

KERKLIKE BYDRAES - 'N GROOT VOORREG!

Anneke de Jager

Vir die gelowige kind van God en lidmaat van sy kerk, is kerklike bydraes 'n verantwoordelikheid wat elkeen volgens sy vermoë moet nakom. Weet ons werklik waarom ons hierdie verantwoordelikheid moet nakom? Hoe moet ons houding wees daarteenoor?

As gelowiges glo ons dat alles wat ons besit aan die Here behoort. So lees ons in Psalm 24 : 1 *" Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daarop woon, alles behoort aan die Here."* Wanneer ons dus kerklike bydraes gee, is dit 'n dankbare erkenning en 'n belydenis dat die Here die eintlike Eienaar van my besittings is. Jy erken en bely daarmee dat jy en alles wat jy het, aan Hom behoort. Kerklike bydraes is dus nie 'n weggee nie, maar 'n teruggee met dankbaarheid.

Dit is dus duidelik dat kerklike bydraes nie 'n guns is wat jy aan God bewys nie, ook nie ledegeld of donasie vir die kerk nie. Kerklike bydraes is ook geen vrywillige saak nie, so asof jy as gelowige kan besluit of jy wil gee of nie. Dit is ten volle deel van ons Christen-wees. So was dit ook reeds in die Ou Testament. Die gee van tiendes was 'n belangrike deel van die godsdiens van Israel gewees (Lev 27 : 30 - 33). Die kerkraad het volgens die Skrif ook die mag en bevoegdheid om van die lidmate bydraes te eis wat nodig is vir die welsyn van die kerk en die uitbreiding van Gods Koninkryk (HK vr. en ant. 104).

Die vraag is egter: Hoeveel kerklike bydraes moet ek gee? Hieroor leer die Bybel ons dat elkeen moet gee ooreenkomstig die seëninge van die Here in jou lewe. Die beginsel is dus dat jy volgens jou vermoë moet gee. Elke gelowige moet dus met sy gewete voor die Here bepaal hoeveel hy volgens sy vermoë kan gee. Om te veel aan die kerk te gee en in armoede te leef, is verkeerd, onverantwoordelik en eensydig. Om te min te gee, terwyl jy in staat is om meer te gee, is verkeerd en selfsugtig. *"Dink daaraan wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes" - 2 Kor 9 : 6.* Elkeen moet dus volgens sy vermoë gee. So het die arm weduwee in haar armoede meer ingegooi as al die ander, omdat sy in haar armoede selfs meer as haar vermoë gegee het (Luk 21: 1 - 4).

Kerklike bydraes mag nooit 'n afknyp fooitjie uit die oorskiet van jou inkomste wees nie. Inteendeel dit behoort die hoogste prioriteit by jou finansiële verpligtinge te hê. So moes Israel altyd die eersteling en die beste van hulle inkomste aan die Here geoffer het. Dit is dus verkeerd om met jou kerklike bydraes te wag en te sien wat jy oor het en dan te gee. Dien die Here met die eerstelinge van jou inkomste uit dankbaarheid, met bereidwilligheid en blymoedigheid !!!

"Vereer die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos" - Spreuke 3 : 9,10

DISSIPLINE, WAT HOU DIT IN?

Johan Moes

Soms as ek die aand voordat ek gaan slaap vergeet om my wekker te stel, word ek nog steeds op die regte tyd wakker. Julle sal nou vir my die logiese vraag vra: Hoekom gebruik ek dan nog ‘n wekker? Die wekker is vir die aande wanneer ek nie op die regte tyd in die bed klim nie, dan is my bioritme versteur. Wat gebeur as my bioritme versteur is? Dan gaap ek heeldag, ek is nie vreeslik lus om te werk nie, ek sien probleme erger as wat hulle werklik is, ek sit gouer vas met mense en gelukkig is daar een positiewe uitsondering: ek besluit dat dit ‘n slegte dag was en ek gevolglik daardie aand vroeg gaan slaap.

Gestel ons het nie daarin geslaag om die nag lig soos die dag te maak nie; gestel ons het nie verby die dagbreek geslaap nie – sou daar nie meer tyd gewees het nie?

Ek is seker daarvan dat die meeste van julle, daar is altyd die uitsonderinge, met my moet saamstem dat ‘n geroetineerde lewensstyl nie die mees uitdagendste is nie, maar dat dit wel die beste lewensstyl is vir ‘n mens se gesondheid, humeur, produktiwiteit en nie die minste van alles nie, ‘n mens se geloofslewe.

Volgens die HAT is:
Dissipline die gehoorsaamheid aan gesag en ordelike gedrag. Die Satan en die wêreld leer ons ook dat die mens baas oor sy eie lewe is en nie gehoorsaam aan God, ons ouers of die owerheid hoef te wees nie.
Roetine is gewone reëlmatige orde, gang van doen, gewone daaglikse pligte, gereëlde volgorde van werk. Die duiwel probeer tot in die fynste detail ons van God af wegtrek. Die wêreld leer ons dat roetine eentonig en saai is en dat dit by ou mense behoort, jong mense is mos dinamies. Die industrie soek mense wat buigbaar/aanpas-baar is, wat probleme kan oplos soos wat hulle opduik. As ’n mens ‘n bietjie oplet na die advertensies op die TV, radio en in tydskrifte dan word baie keer die beeld van dinamika en jonk wees direk aan mekaar gekoppel. Is daar iets verkeerd met ‘n afwisselende lewensstyl? Hou afwisseling ‘n mens nie juis gemotiveerd nie? Is ons nie minder produktief as ons in ‘n geroetineerde groef lewe nie?

Wat kan ons leer uit die natuur? Die ritme in dag en nag afwisseling en die beweging van die hemelliggame wat die see getye en die seisoene beheer. Die vaste paringstye by die diere. Die mens wat elke dag moet slaap, eet en werk. As ‘n mens gaan kyk na die natuurwette sal ‘n mens een ding gou raaksien: Alles is in balans totdat die balans versteur word, alles sal dan verander totdat die balans herstel is. Kom ons kyk na ‘n voorbeeld van hierdie stelling: As daar te veel mense op die aarde sou woon (die balans is dus versteur) sal die mense mekaar begin uitmoor totdat daar weer genoeg leefruimte en lewensmiddele vir almal sou wees (humanistiese denke). ‘n Nuwe balans beteken nie altyd ‘n beter leefomgewing vir mens en dier nie, dink maar aan die gat in die osoonlaag of die suurreën wat die plante vernietig.

As ons kyk hoe God wou hê dat die volk Israel Hom moes dien, dink aan Levitikus, en as ons kyk na die beelde wat ons voorgehou word in Openbaring van hoe God vereer word deur die engele, die 24 ouderlinge en ander hemelwesens, sal ons moet saamstem dat God ‘n God van orde is, soos Paulus ook sê in 1 Korinthiërs 14 : 33.

Hoekom is dissipline en roetine vir ‘n christen belangrik? Die mens is geneig om God en sy naaste te haat, die mens kan niks goed doen nie. Om te breek met ons sonde verg baie selfdissipline, dit is ‘n stryd waarin ons ten bloedens toe moet stry. In Lukas 9:23 sê Christus: “As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis **elke dag** opneem en My volg.” Die stryd is geestelik, dit is teen die bose magte in die lug. Dissipline in bv. die sport wat ‘n mens beoefen of in die dieet wat jy nougeset navolg sal jou nie help om jou dissipline aan te leer vir jou geloofslewe nie; ek is seker daarvan dat baie mense hieroor van my sal verskil. Paulus skryf in 1 Timotheus 4:7 “Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles...”. Die Bybel praat baie keer van selfbeheersing, byvoorbeeld

in Galasiers 5:22 waar dit ‘n vrug van die Gees genoem word. As dit ‘n vrug van die Gees is kan dit slegs ontvang word as daarvoor gebid word. God wil hê dat ons soos Daniël moet wees, dat ons gedissiplineerd elke dag, drie maal, tot die Here moet bid ook al kan ons ons lewe daar deur verloor. Ook al weet God wat ons vir liggaam en siel nodig het, wil Hy nogtans daarvoor gevra word. Dink byvoorbeeld aan die vrou in een van Christus se gelykenisse wat net solank die regter lastig geval het totdat daar aan haar reg verskaf is (Lukas 18: 1 - 8). Net soos dissipline op ander gebiede, verg dissipline in ‘n mens se geloofslewe ook inspanning.

Ons leef in ‘n wêreld van kitssop , kitskoffie , kits-spaggetti (“2 minute noodles”) , kitsbanke ens. Ons is nie gewoond daaraan om lank te werk of te wag vir iets nie. Daar is baie kursusse wat ‘n mens kan volg wat 3 of 4 dae duur, waarin ‘n mens ‘n vaardigheid, ‘n taal of iets anders kan aanleer. Ons is nie lus om met die vooruitsig te sit dat ons ons hele lewe lank sal moet stry teen onsself nie. Ons sal wel tot bekering kom as ons naby die dood is. Ons het al so baie probleme in die lewe en nou moet ook ons nog stry teen onsself en ons baie “plesier”, begeertes en hartstogte ontsê. Ag, hoekom moet ons so swaar lewe, die Here moet maar met ‘n bietjie minder tevrede wees.

Jy kan twee kante op: Jy kan wegloop van die stryd en jou welluste gaan probeer bevredig óf omdraai in jou spore, as dit nodig is, en die wapenrusting van God aantrek. As jy die stryd gaan aansê, bid dan sonder ophou op jou knieë, smeek God vir die krag en die wil om met jou sonde te breek. Jy sal nog baie val, maar staan steeds weer op, want wie die wedloop voltooi sal die ewige kroon ontvang.

'N BROEDER IN NOOD?

Peter Raimond

*“…en dié lede van die liggaam wat vir ons minder eerbaar lyk, beklee ons met oorvloediger eer, en so het ons onsierlike lede oorvloediger sierlikheid” (*1 Kor. 12: 22, 23)

Elke Sondag twee keer kerk toe. Die meeste van ons in elk geval. Baie goeie gewoonte. ‘n Gewoonte waarmee die meeste van ons mee opgegroei het. Toe ons as kinders vir die eerste kere kerk toe gegaan het, was dit alleen soggens. Vir eers genoeg, want vir die man wat so verskriklik hard gepraat het was ek tog wel ‘n bietjie bang. Dit het ook baie lank gevat voor ek geglo het dat die kwaai omie my gedoop het. Uiteindelik mag ons twee keer kerk toe. Dit is as ons nou mooi stil gesit en nie elke tweede diens toilet toe wou gaan nie.

Maar ‘n goeie gewoonte, veral as dit geleidelik gaan, kan ‘n sleur word. Dan word ons soos die kerk van Laodisea (Openbaring 3 vs 15-17). Ons dade is skyn en nutteloos, want ons doen dit nie meer van harte nie. Ons mis dan alles wat in die erediens na ons toekom. Die gevaar is ook dat ons verby ons broeders en susters kyk, wat saam met ons die gemeenskap van heiliges vorm.

Wat belangrik is van die gemeenskap van die heiliges is, is dat elkeen “skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend” (HK Antw. 55b). Opvallend dat hier niks staan oor die aanwending van gawes tot ons eie nut nie. Maar ons weet nie direk van broeders/susters wat hulp nodig het nie. Is dit omdat daar geen probleme is nie, of omdat ons die probleme nie meer raaksien nie? Vir sommige klink dit miskien of ons die bobbejaan agter die bult gaan haal. Of is ons tog soms baie

met onsself besig en daarom die ander nie meer raaksien in sy nood nie?

Dikwels as dit moeilik gaan, verloor ‘n mens oorsig. Die probleem hou mens se hele doen en denke besig. Deur genade kan ons dan God soek, maar selfs dan is ondersteuning deur vriende deurslaggewend. Dit is daarom ons plig om nie net dié te ondersteun met wie ons goed oor die weg kom nie, maar ook dié wat buite ons gesellige groepie val.

Ons kyk nie net verby nog ‘n persoon nie, maar verby ‘n broeder/suster wat mede deur jou toedoen af kan dwaal van die geloof. As ons nie gehelp word deur medegelowiges nie, kan ons die oplossing êrens anders soek. In wêreldse dinge wat ons stadig maar seker gevoelloos maak vir die liefde van God. Die besef dat ons almal op ons eie baie kwesbaar is moet ons vasberade maak om mekaar te ondersteun in moeilike tye.

Ons moet begin met gebed. Anders wil ons graag op ons eie manier mense help. Dit rig meer skade aan dan goeds. In ons gebed kan ons bid vir ander broeders en susters. Dat hulle krag mag kry om verder te gaan, maar veral mag staande bly in die geloof. Ons mag bid dat die Gees ons sal lei en ons oë sal oopmaak vir die behoeftes van medegelowiges. Die geleenthede sal verskillend wees vir almal van ons en die vrugte vir die een meer as vir die ander. Dit bly egter ons plig. God vra dit van ons en sal eendag om verantwoording vra.

Voel jy ook so?

LAAT DIE GEES SOOS ‘N VUUR BRAND!

Maaike Raimond

Waar is koffiedrink? Waar is koffiedrink? Daar! O! Kom julle? Ja, natuurlik!
Wow! Ons is mos ‘n great klomp met gees wat skrik vir niks! Ons drink saam koffie, ons braai saam, ons gesels en lag saam. Wat wil jy nou meer? Watter kerk het ‘n jeug met so ‘n gees?

Wat gebeur by koffiedrink? Ons sit almal, elkeen by sy pelle, ons drink koffie. Daar gaan musiek aan, gewoonlik die keuse van die persoon by wie ons koffie drink. Later word daar wyn en koeldrank geskink, soms brandy-coke of iets anders. Ons speel kaart of vertel grappe, rook ‘n sigaretjie, soms sit ons net. As die party boring raak of die wyn raak op gaan ons huis toe. Is dit gees? Is dit weklik iets hê aan die mense in die jeug? Is ons klomp regtig so great soos wat ons lyk?

Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. ‘n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi. (Ps 16:5,6)

Groeperinge
Die eerste plek waar ‘n groep soos dié gewoonlik gees verloor is wanneer daar groeperinge ontstaan. Dit is natuurlik. Nie almal is ewe goed bevriend met almal nie en oral in die samelewing is daar ‘n mate van groepering. Dit is ‘n kwessie van soort soek soort. In ons jeug is daar op die oomblik sterk groepering. Iets wat nie verkeerd is nie maar tog jammer is as die groepering so sterk raak dat mense nie meer werklik onderling met mekaar omgaan nie. Dis nou groepe onder mekaar. Wat ook jammer is, is dat daar soms mense totaal en al uitgesluit word van enige groep.

Ons moet werklik ‘n bietjie gaan kyk na ons groepies. Beweeg ‘n slag uit jou comfort zone en gesels met iemand met wie jy nog nooit regtig gesels het nie, en gaan kyk, daar is baie van hulle, al dink jy dalk nie so nie. Betrek die mense wat nie deel is van jou s.g. groepie nie. Wees ‘n groep, maar moet nie ‘n geslote groep word nie. Bly oop, ontvanklik vir ander en reik uit vanuit die veilige zone van jou groepie.

Koffiedrink
Wanneer ons op Sondae koffie drink is ons besig om die dag wat God vir ons gegee het, as rusdag **aan Hom gewy,** sinvol te vul. Musiek en die

gebruik van drank behoort die dag dan ook sinvol te vul asook die gespreksonderwerpe. Die speel van kief musiek maak geen groepgees nie, al voel dit soms so. Nie dat jy op Sondag soos ‘n skynheilige moet leef nie, maar wel dat ons moet onthou dat God dit gegee het as rusdag aan hom gewy.

Omgaan met mekaar

Soos ons deur die lewe beweeg, besef ons dat die vriende wat ons in die kerk het altyd bly. Jy beweeg van skool na skool na ‘n tersiêre inrigting, na ‘n werk en steeds verloor jy kosbare vriende en kry jy nuwes by. Die vriende wat jy in die kerk het bly. Tot jy eendag oud is sal daardie mense daar wees vir jou en sal julle mekaar bystaan en help. Op die fondament van die kerk en ons geloof in een Vader. Daarom is jou kerkvriende seker die belangrikste vriende wat jy ooit sal hê al lyk dit dalk nie so op die oomblik nie. Daar is ook niks verkeerd om ander vriende te hê nie, inteendeel, dit is baie belangrik. Maar tog moet ons ook sterk bande bou binne die jeug. Ons kan so veel vir mekaar beteken. Selfs al verskil ons so baie. Jy leer dalk iemand ken wat jy nooit gedink het dink oor dinge soos jy daaroor dink nie. Reik uit na ander. Wees ‘n vriend. Selfs al ken jy die persoon nie goed genoeg nie.

Gees

Wat is s.g. “gees” onder die jeug? Dis ‘n gevoel. Dit is iets wat maar op en af gaan soos ons ook mog leer van Dr. James Dobson. Soms is die gees daar, ander kere nie. Dis die lewe.

Ons is ‘n great klomp! Met ‘n gees wat soms soos ‘n vlammetjie flikker en soms soos ‘n vuur brand. Ons gee om vir mekaar, sukkel soms net om dit te wys. Ons kan great fun saam hê, soek net soms die geleentheid om dit te kan doen. Ons dink ons ken mekaar maar eintlik is die jeug ‘n klein goudmyn van vriende, jy moet net bereid wees om te delf. En wanneer die vlammetjie van gees flikker moet ons onthou dat die jeug in die kerk juis gebou is op die fondament van eenheid in die geloof. As God se Gees onder ons is, sal die gees onder die jeug van self kom.

Die res van die jaar

Hoe kan ons verbeter op die gees van die vorige semester? Eerstens kan ons met ‘n positiewe gesindheid na die jeugvereniging kom. Ons kan moeite doen. Met voorstudie, of lekker koek as dit jou beurt is, of om gou te help koppies was. Doen moeite om dit gesellig te maak wanneer die jeug kom koffie drink. Doen moeite om met ander te praat al is dit net oor dit en dat. Vra uit wat die ander doen of soek iets om ‘n geselsie oor aan te knoop. Sê vir iemand dat jy R10000 gewen het en jy weet nie wat om daarmee te doen nie. Toets hulle reaksie, kyk waar lê hulle waardes, gesels oor wat ander in hulle vrye tyd doen; dalk is dit iets wat jou ook interesseer of wat jy wil leer. As daar gereelde ontspanning is, doen moeite om te kom en laat weet as jy nie kan kom nie. As daar nie ontspanning gereël word nie, moenie daaroor kla nie, reël iets. Sorg dat almal genooi word wanneer jy iets reël. As jy probleme het oor iets wat in die jeug gebeur, moenie daaroor kla nie, moenie jou pelle daaroor opsteek nie, gaan praat met een van die JS lede daaroor, hulle sal werklik probeer om iets daaraan te doen. Geniet die dae van jou jonkheid soos die Prediker sê!

Laastens maar sekerlik nie die minste nie: Bid. Dank God vir die fantastiese gawe van so ‘n jeug. Vra Hom om ook met Sy Gees onder die jeug te werk sodat ons in liefde en eensgesindheid met mekaar sal kan omgaan en loof Hom vir die wonder om ‘n kind van Hom te wees saam met so veel ander van Sy kinders.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Dit is middel Julie en net soos die rand is die vakansie ook in sy dinges in. Ja Erik, nou kan ons nie meer tot twaalf uur uitslaap nie, né.

So gepraat van Erik. Hy was die vakansie op Pretoria toe vir huisbesoek by suster I. Buenk, jr. Soos dit ‘n goeie voornemende dominee betaam, het hy sy vertroue in ons land se publieke vervoerstelsel bevestig en is per trein soontoe. Hier kon hy sy kennis van die Griekse taal handig gebruik om vir hom ‘n gratis maaltyd los te slaan. Maar nou ja, hy is veilig terug, al kla hy van ‘n bietjie spierpyn….?



Op Donderdag 25 Junie is ‘n baie geslaagde pannekoekaand by Ds. Viljoen se huis gehou. Daar was ‘n baie goeie opkoms en veral Mirjam was baie bly, want nou kon almal haar beroemde rooiwyn-vleis-en-mushroom-vulsel proe.(Het jou pa darem nog ‘n bietjie rooiwyn oorgehad vir Sondag, Mirjam?) Die kos was van vyfster-gehalte en ons wil graag al die kokke en kokkinne, asook oom Eugene en tannie Emyn vir die gebruik van hulle huis bedank.



Die naweek van die 9e tot die 11e Julie was een van die hoogtepunte van die jaar. Agtien van die dapperder jeuglede het die Dassieshoek voetslaanpad naby Robertson aangepak. Ons wou om 1 uur Donderdagmiddag van Van Alten se huis vertrek, maar Johan Snyman (hierna verwys na as “Johnny”) het ‘n bietjie meer tyd nodig gehad om plek vir al sy kos in sy bakkie te maak. Ons het uiteindelik so om 4 uur by Robertson aangekom en die eerste nag in ‘n hut naby Silwerstrand oornag.

Die aand is daar lekker gekuier, maar twaalf uur was almal in die bed om die volgende oggend half agt te vertrek. In goeie VGK tradisie het ons toe, na die gebruiklike fotosessie terwyl almal nog vars lyk, ‘n uur na die beplande tyd vertrek.

Die eerste dag was ‘n stewige 23 km, maar almal het dit gemaak voor donker. Erik Raimond het ‘n noue

ontkoming gehad toe hy op ‘n plat klip gegly en in die bosse beland het. Gelukkig was albei bottels rooiwyn ongeskonde, en o ja, Erik was ook ongedeerd. Roseanne was byderhand om hom die laaste deel tot by die hut by te staan, en hy het dit ook gemaak.

Bert was ietwat teleurgesteld, aangesien hy graag ‘n luiperdvel Holland toe wou vat. Volgens Maarten sou ons verby ‘n luiperd kom en Bert het sy broodmes gereed gehou om die dier se keel af te sny. Ongelukkig was al wat ons gesien het die geraamte van ‘n perd en Bert het met leë hande gesit. Daar word vermoed dat die perd vir Erik in sy veldfokus onderbroek gesien het, en van skok beswyk het.

Johnny was definitief die kragman van die naweek. Hy het selfs ‘n boomstomp saamgedra vir Sandra om op te sit en sy het die stomp Marco gedoop. Volgens haar is dit omdat sy ook op sy kop sit.

By die hut het almal lekker warm gestort, behalwe vir Dirk en Maarten, omdat Corrien en Antionette al die warm water opgebruik het. Sonja het tot laatnag gewag vir die water om weer warm te word en intussen het sy en Dirk pannekoek gebak vir almal wat wou hê. Erik het die rooiwyn uitgehaal en alhoewel hy na twee slukke al gesnork het, het ons tot laat met die rooiwyn gekuier, behalwe vir Floris wat net game gedrink het.

Die tweede dag het ons die kortste roete terug na die karre gevolg, want almal was ‘n bietjie “pap tyres” na die eerste dag. Johnny het groot konsternasie veroorsaak toe hy sy distributor se rotor, wat hy uitgehaal het sodat niemand sy kar steel nie, nie in sy rugsak kon vind nie. Gelukkig lê die ding toe bo-op sy bakkie se canopy (hy het dit uit sy rugsak gehaal om plek te maak vir Sandra se boomstomp). Ons het die staptog afgesluit in die plaaslike Saddles, waarna ons huiswaarts gekeer het. Ons wil graag vir Erik en Riaan dankie sê vir die organisering, dit was ‘n naweek om te onthou.

Dinsdag 14 Julie was daar ‘n afskeidsbraai vir ons Hollandse stasieloper, Bert. Hy is weer terug huis toe na ses maande hier by ons. Ons wens hom in sy afwesigheid sterkte toe en die Here se seën in die komende jare.

Verder gaan Dirk ons ook verlaat. Hy gaan terug Pretoria toe nadat hy ‘n beter pos gekry het. Dirk, sterkte daar anderkant en dankie vir al die werk wat jy hier as JV voorsitter en Olielamp-artikelversorger gedoen het. Ek neem aan ons gaan jou darem nog so nou en dan sien.

Ons kan terugkyk na ‘n lekker vakansietyd en mag die Here dankbaar wees dat Hy almal bewaar het.

Groete van die Sleutelgatloerder.

GAUTENG SE DENGE

Gerbrand se deng is die put-put deng, gelukkig glo hy in *“metal-fatike”* dus is dit die rede dat die Put-put stok gebreek het, of was dit dalk sy skuld?

Andreas Boon baie welkom hier by ons, ookal is jy alreeds hier bekend. Ons hoop dat jy ‘n goeie toekoms mag hê saam met ons jeug.

Nog ‘n deng is dat ons Iemke skielik so min sien en hoor, maar toe kom ons agter dit is Erik se deng hier in Gauteng.

Ook welkom hier by ons jeug is twee nuwe lede, naamlik Willemien en Cornelis Kleyn wat van Tasmanië kom. Ons hoop dat julle gou Gauteng se denge sal verstaan en ‘n plekkie sal vind in ons midde.

Aan ons nuwe JS-voorsitter Hannes Venter ook sterkte met hierdie verantwoordelike deng wat nou op jou skouers rus.

En verder word daar aan al die oorsese besoekers hier by ons en *“stage-lopende”* studente ‘n aangename en leersame tyd toegewens in Gauteng.

VERJAARSDAE

Kaapstad

Augustus	6	Margreet Moes
	6	Clara van der Vinne
	10	Ewart Antonides
	20	Sandra Scheltens
	28	Monique Visser
	29	Theo de Vries
	31	Mirjam Raimond
September	3	Lieneke Eefting
	4	Ernst-Jan van Vondel
	20	Christine van der Linden

Pretoria

Augustus	2	Erik-Jan de Wit
	3	Wilma Lubbinge
	5	Marja Hagg
	5	Hilde Ros
	11	Johan Moes
	16	Dorien Slump
	22	Albert Smit
		Martin Kamphuis
	22	Anja Kamphuis
	30	Yvonne Aartsma
September	12	Sjaak Hagg
	19	Sonja van der Veen
	29	Francien van Houwelingen

Maranata

Augustus	2	Ria de Vries
		Ilone v.d. Bout
	6	Annelie de Jong
	16	Maurits Hooghiemstra
	17	Thea de Jager
		Jurie Eilers

Baie geluk met julle verjaarsdae! Ons hoop dat julle ook in die nuwe jaar wat voorlê soos ‘n helder lig mag skyn vir die Here.

Geniet die dag.

BAIE DANKIE!!!

Die Olielamp-redaksie van Kaapstad wil graag vir Dirk Boon baie dankie sê vir al die harde werk en insette wat hy gelewer het in sy tyd as redaksielid van die Olielamp in die Kaap. Dit was altyd baie lekker om saam met Dirk te werk, want hy was altyd voorbereid (wel, amper altyd) en lus om te werk. As redaksie het ons ook altyd baie pret gehad en daar was altyd tyd vir grappies.
Ons wil vir Dirk baie sterkte toewens met sy werk daarbo in die Gauteng. Mag die Here jou die krag gee om jou werk met soveel ywer te doen as wat jy dit hier by ons gedoen het.
Ons wil Margreet Moes ook baie welkom heet as die nuwe redaksielid. Sterkte met die werk, Margreet.
Sterkte ook aan alle redaksies met die werk aan die Olielamp. Mag die Here ons daarby seën.

Die Kaapse Redaksie

GEDIG

jou hartsnare
word deur
die komponis bespeel
wat elke klank
met Sy eie
bloed gekerf het
op die leë balk
wat deur
genade
kan leef in
‘n sterwende
eggo van
gebroke stringe...

Annemarie